# Suid-Rhodesië op die tweesprong

DS. J. H. VAN WYK*

In Noord-Rhodesië is die slag gelewer. En die res van Afrika is alreeds swart gekleur. Al wat oorbly is Suid-Rhodesië en Suid-Afrika.

In Suid-Afrika is 'n kragtige regering met 'n sterk en welomlynde beleid aan die bewind, en ons hoop en vertrou en glo dat dit 'n oplossing sal bied.

Maar wat van Suid-Rhodesië? Hierdie skrywe is nie 'n pessimistiese kreet vanaf 'n sinkende skip nie maar dit bedoel om die leser enigsins 'n indruk te gee van die rasseproblematiek in S.R. Ons het hier met 'n situasie enig in sy soort in Afrika en ek dink in die hele wêreld te doen, en daarom is die angsaanjaende vraag: Is hier 'n oplossing? En wat is dit? (Die onafhanklikheidsvraagstuk is van minder belang en behoort weldra opgelos te wees).

Daarom gaan ons 'n paar moontlikhede oorweeg en terselfdertyd ook wys op die groot probleme daaraan verbonde.

## 1.) Integrasie oorweeg

Dit is 'n moontlikheid dat al die rasse bymekaarkom en besluit om saam te smelt om so een kragtige nasie op te bou — soos met die wording van ons eie Afrikaanse volk gebeur het. „Rassevermenging as sodanig is nie sonde nie". „Op grond van Gods Woord moet onderskei word tussen uitwissing van grense as beginsel en 'n vermenging waardeur nuwe vorme ontstaan". „Vermenging is sonde as daardeur die *Christelike of histories-waardevolle* kultuur bedreig word". So het die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1961 besluit, en so is dit min of meer deur die Geref. Ekum. Sinode van 1962 bevestig. En iewers skryf prof. Wurth: „Dieselfde geld ook met betrekking tot nasionale en rasseverskille. Ook dit hoef nie altyd op sigself 'n rede te wees om nie met mekaar te trou nie. Maar dat dit 'n bron van heelwat moeilikhede kan wees en dat dit heelwat liefde sal eis om dit te oorwin, sal wel niemand ontken nie".

In die oog van die wêreld is dit die enigste oplossing. Dink aan die standpunte van die Roomse Kerk, die Wêreldraad van Kerke, die Christelike Instituut, die Engelse Kerke. En, op staatkundige gebied let ons op die V.V.O. en die toestand in die V.S.A.

Ons sien so dat so 'n standpunt prinsipieel t.o.v. S.R. nié te verantwoord is nie — al geld dit nie in dieselfde sin van die Rhodesiese volk dat dit christelik is soos die Suid-Afrikaanse nie, nogtans kom die histories- waardevolle kultuur in gevaar. Verder is die vraag, gesien ook teen die agtergrond van die huidige wêreldsituasie (dink o.a. aan die V.S.A., Ciprus, Indonesië) of so 'n beleid realisties is. Allereers wil die naturel in S.R. nie IETS hê nie maar ALLES. Sy broers in die res van Afrika het dan álles verkry! Daarom sal hulle nie rus voordat hulle die regering hier oorneem en verder voordat al of die meeste blankes hier verdwyn het nie, omdat hulle hier 'n sterk groep vorm (1958 statistiek: 2,590,000 Bantoe teenoor 211,000 blankes; verhouding 12 : 1). En sal die witman gesien die groot getalle, bereid wees om hier te verdwyn? Verder val dit hoogs te betwyfel of die blankes tevrede gaan wees om onder 'n swart regering te staan, met geïntegreerde skole, hospitale ens. U voel hoe groot die spanning hier oplaai.

## 2.) Segregasie oorweeg

Prinsipieel lyk dit die enigste oplossing. Maar hoe staan sake in die praktyk? Ons wys hier op 'n paar probleme. Die getalsverhouding tussen blank en nie-blank vergelyk swak met *dié in S.A. Die probleem is dat hier* enersyds te veel blankes is (om weg te trek) en andersyds ook weer te min (om die situasie hier na behore te behartig). Kan die blankes eiesoortige ontwikkeling hier na wense toepas? Verder is hier nie, soos wel in S.A., eie, aparte, natuurlike naturelle-tuislande nie; die nie-blanke is versprei oor die hele gebied met hier en daar (natuurlike?) naturelle-reservate.

Voorts is 'n baie belangrike en bepalende faktor dit dat die geïntegreerde situasie al haas te ver gevorder het. Sal dit weer moontlik wees om terug te draai? Voeg hierby dat die tabakboerdery, wat seker die vernaamste boerdery van S.R. is, net nie sonder naturelle - arbeid en sommer baie daarby, kan klaarkom nie. 'n Eiesoortigheidsbeleid herberg die gevaar van verlamming van die landsekonomie. (Vergelyk ook dat na bewering een-derde van die boere Afrikaners is, mense wat nie sommer maklik sal versit nie). Ook hier weer is die probleem: nie net nie maar ook nie sonder die naturel nie! Ons kan ook nog noem die mening van al die Engelse kerke hier te lande, wat sekerlik 'n beleid van eiesoortigheid hand en tand sal beveg. Eienaardig egter, dat die Engelse burger ook hier sy standpunt stadig maar seker begin wysig. As voorbeeld kan genoem word die 1962-verkiesing, al het die mense nog nie presies en positief geweet waarvoor hulle gestem het nie, solank as dit maar net teen naturelle-oorheersing was! Ons het reeds daarop gewys, maar wil dit hier ook weer noem: in N.R. het die naturel álles, en sommer maklik ook, verkry. Sal hulle in S.R. tevrede wees met íéts, met 'n déél van die land? En les bes is dit nog die vraag of die witman bereid sal wees om die offers te bring wat so 'n verskuiwing ten gevolg sal hê, afgesien nog van die vraag of so 'n verskuiwing moontlik is en of die naturel bereid sal wees om hom te laat verskuif.

Vanuit menslike oogpunt lyk die posisie dus uiters, uiters gekompliseerd.

## 3.) Groepsgebiede

Die bedoeling sou dan wees dat hier drie gebiede geproklameer word: waar slegs blankes woon, waar slegs nie-blankes woon en waar die mense deurmekaar woon. Dan het elkeen tog ten minste vrye keuse om te doen wat goed is in sy oë! Is dit die rigting waarin die Field-regering die oplossing soek of gaan soek? Die probleem is dat mens op die oomblik geen duidelik omlynde rassebeleid in S.R. het nie! Ook dit lyk onrealisties, want, as die bedoeling dan sou wees om bv. één Parlement daarop na te hou, moet dit ten slotte tog uitloop op Bantoe-oorheersing. Uiteindelik herberg ook dié rigting die kiem van verrotting in homself omdat dit tog niks anders is as die verdoemde „apartheidsbeleid" nie: daar word tog tussen swart en wit skeiding gemaak!

Daar bly nog drie ander moontlikhede oor: Geduriq blanke voogdyskap (hieroor hoef ons seker niks te sê nie, omdat dit beginselloos en onprakties is). Verder dat die blankes net eenvoudig sal moet wegtrek soos in die res van Afrika gebeur het (sal 211, 000, of die meeste daarvan bereid wees — veral gesien dat die „vastigheid", S.A., net oor die bult is?). En ten slotte natuurlik 'n oorlog waar die een oorwin en die ander ondergaan, of albei verloor?

Die mense in S.R. worstel om 'n oplossing te vind. Baie, en daarvoor is ons dankbaar, worstel gelowig. Maar alle Godsvertroue moet gepaard gaan met menslike verantwoordelikheid. Dit is waar, soms red die Here teen alle verwagting in en selfs teen alle realisme in (dink maar o.a. aan Israel by die Rooi See, en Elisa in Dotan); soms geskied die redding langs die weg van moeisame menslike medewerking.

Ons mag wel aanvaar dat God vandag nog soms op besondere wyse red — al wil ons dit geensins op een lyn stel met die wondertyd van die Skrif nie maar méns weet tog nooit watter weg die Here in 'n bepaalde geval gaan beskik nie. Daarom kan en mag ons nie maar passief bly sit en wag om 'n skielike ingryping van Bo nie, maar ons moet met die nodige geloofsrealisme ons huidige taak en roeping tot die laaste druppel volvoer.

Verder is daar niks meer oor as om te bely nie: Sy wil geskied en: Sy wil is goed! „Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd!" Per slot van rekening is ons almal op aarde net bywoners, en ons burgerskap is in die hemele (Filipp. 3 : 20).

Agteraf mag ons onsself wel ernstig die vraag afvra of die gerig nie juis oor ons voltrek is omdat ons nie ons goddelike taak en roeping, op kerklike, staatkundige en maatskaplike gebied, na behore in hierdie land vervul het nie — dink aan die sewe gemeentes van Openb. 2 en 3? Of dit geskied het ter loutering, of om ander redes?

Intussen bly ons met geloofsrealisme worstelend besig om 'n oplossing. Daarom is die beklemmende vraag: is daar 'n oplossing? Inskakel by S.A.? Sal dit die inherente rassesituasie oplos en die spanning verlig? Moet die blankes nie maar versit suidwaarts? Oorlog?

Suid-Rhodesië, Quo vadis?

* *Ds. J. H van Wyk is die predikant van die Gereformeerde gemeente Salisbury. Hierdie artikel het oorspronklik verskyn in „Die Kerkblad" van die 18de en 25ste Maart 1964.*

---

TWEEDE OPFRISSINGSKURSUS VIR LERAARS — WILGERSPRUIT, 5 — 27 Februarie 1964.

Ds. A. DE VRIES*

# 'N DIEPGEVOELDE BEHOEFTE

Hierdie kursus is deur vyf en dertig leraars van elf verskillende kerkgenootskappe bygewoon, maar slegs deur twee Kleurlingleraars en een Bantoeleraar van die N.G. Sendingkerk.

Wilgespruit is, terloops, 'n besondere geskikte plek vir so 'n studiekursus. Dit is afgesonderd en gevolglik rustig en stil, maar terselfdertyd is dit naby die groot stadsgebied geleë.

Die reëlings vir die kursus is getref deur die onvermoeibare eresekretaris van die S.A. Advieskomitee vir Opfrissingskursusse, mnr. F. J. van Wyk van Johannesburg, en die sukses van die kursus moet in 'n groot mate aan die uitstekende organisasiewerk toegeskryf word.

Daar was drie dosente, naamlik ds. W. J. C. Cilliers, eerw. dr. Basil Holt en mej. W. Munro. Hulle het onderskeidelik lesings gegee oor die Koninkryk van God in die Nuwe Testament, die Kerk in die wêreld en die Opvoedkundige taak van die Kerk. Eerw. Holt en mej. Munro het die meeste van die tyd by Wilgespruit ingewoon. Dit was 'n baie verdienstelike reëling want die deelnemers kon hulle te alle tye nader met vrae en probleme en moeilikhede.

## Nie vyandige vrae nie

Dat hierdie soort samekomste wat as uitvloeisel van die ekumeniese beweging gesien moet word, gekom het om te bly, het vir my baie duidelik geword. Hulle voorsien in 'n diep-gevoelde behoefte, naamlik om evangeliedienaars van so baie verskillende kerke in staat te stel om bymekaar te kom, saam te woon, mekaar te leer ken en ook mekaar se kerke en vraagstukke beter te leer ken en verstaan.

As ek daaraan dink hoe die twee Kleurlingleraars van die N.G. Sendingkerk toegesak is met vrae oor hul kerk, nie vyandige vrae nie maar vrae oor meer kennis en inligting, dan is ek innig jammer dat daar so min manne van ons kerk was. Na aanleiding hiervan het die vraag by my ontstaan of dit nie moontlik is dat ons eie kerk soortgelyke kort kursusse kan reël nie, al sou hulle dan net vir 'n naweek duur en slegs op 'n Ringsbasis gehou word. Die waarde van so 'n byeenkoms waar daar saam verkeer, saam gebid en saam gestudeer word, kan nie oorskat word nie. Ek glo dit word allerweë besef want daar is reeds 'n begin gemaak in ons kerk, maar die pogings was tot dusver maar sporadies. By party kerke word hierdie „retreats" al baie meer algemeen.

## Die Kerk in die wêreld

Wat die lesings by Wilgespruit self betref, kan ek, vir sover dit my persoonlik geraak het, getuig dat hulle tot groot seën was. Die onderwerpe was almal baie aktueel en lewendige bespreking is uitgelok. Alles het daartoe gelei dat baie van die deelnemers besluit het om die kennis wat verkry is in hul eie gemeentes te gaan toepas. Dr. Holt se lesings oor „Die Kerk in die wêreld" was van besondere groot waarde. Hier kon die manne gevoed word uit die rype kennis en Godsvrug van hierdie toegewyde dienskneg van die Meester. Dr. Holt het veel gereis in oorsese lande en kon dus sy lesings ophelder met sy kennis van ander lande. Tydens sy lesings moes ons twee N.G. manne alles inspan om vrae in Engels oor ons kerk te beantwoord. Die lesings van mej. Munro oor die opvoedkundige taak van die Kerk was insiggewend en dit is veral hier waar baie van die deelnemers besluit het om die tegnieke wat sy verduidelik het in hul gemeentes te gaan toepas. Ds. Cilliers se lesings oor die Koninkryk van God in die Nuwe Testament was ook baie vrugbaar.

Die aandlesings wat deur verskillende persone gelei is, het 'n baie groot terrein gedek. Die N.G. manne onder hulle, ds. Chris Greyling, ds. Charl le Roux en ds. F. S. Malan, kon oor hulle eie arbeidsvelde spreek: Islam, Hindoeïsme en die sogenaamde separatistiese kerke. Besonder leersaam was die lesing van mnr. J. C. M. Mbata oor „Die Kerk en die Intelligentsia". 'n Mens is tydens sy lesing byvoorbeeld diep getref deur 'n sinnetjie soos: „Intellectuals feel that the Church is much too pre-occupied with sin and less concerned with the good that men do".

Ds. A. L. Mncube, 'n Metodis en Algemene Sekretaris van die „Interdenominational African Ministers' Association of South Africa" (IDAMASA), het ds. F. S. Malan bygestaan in die bespreking oor die separatistiese, of, soos hulle vandag genoem word, die „independente" kerke. Vir my was dit 'n openbaring om van ds. Mncube te verneem van die metodes wat aangewend word om hierdie kerke te bearbei en die sukses wat reeds bereik is.

Ons is ook besondere dank verskuldig aan mnre. B. Stegmann en Chris Fourie wat van Bloemfontein oorgekom het om vir ons van MEMA se werksaamhede te vertel, 'n lesing daaroor te gee, toegelig met 'n demonstrasie van al die beskikbare oudio-visuele hulpmiddels in evangelisasie.

## 'n Beroep

Ten slotte wil ek 'n beroep op die manne van ons kerk, maar ook op dié van ander kerke doen, veral manne uit Wes-Kaapland, om hierdie kursusse by te woon. Vir die deelnemers is hulle feitlik kosteloos. In die vervolg sal daar 'n klein registrasiefooitjie gehef word maar dit weeg hoegenaamd nie op teen die voordeel wat daar uit die kursusse geput kan word nie. Ek is diep dankbaar vir die groot voorreg om die kursus by Wilgespruit te kom bywoon.

* *Ds. De Vries is leraar van die N.G. Sendinggemeente, Saron, Wes-Kaapland.*